**Sondag 30 April**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:14-22**

**Wil jy ryk wees? “Koop” by ons Here Jesus**

Die bankrotskap van ’n gemeente lê in materialisme. Mense se lewens word bepaal deur wat hulle besit. Ons sit baie tyd en energie in vir “’n beter lewe”, die jaag na voorspoed en welvaart.

Die gemeente van Laodisea leef binne ’n goeie omgewing. Geleenthede vir goeie saketransaksies is volop. Daarby nog ’n mediese skool wat in oogsiektes spesialiseer. ’n Warmwaterbron voorsien vir jou spa-sessies. En met die gimnasium kan jy jou lyf in vorm hou en fiks bly.

Die lidmate beleef rykdom en welvaart. Vir hulle is dit outomaties ryk wees in geloof. Opoffering in diens van God is nie nodig nie. Daar is in elk geval nie tyd daarvoor nie. Die programme is te vol om nog navolger van Christus te wees. Die gewone roetine van Sondagkerk en maandelikse bydraes is genoeg.

Wat hulle nie raaksien nie, is dat hulle Christus eintlik by die kerkdeur uitgesluit het. Hulle het soos die water van die warmwaterbron, as dit die stad bereik, lou geword. Godsdiens moet net gerieflik wees. Nog koud, nog warm. Hierdie halfhartigheid bring ’n smaak dat Jesus die gemeente uit sy mond wil uitspoeg.

Wil jy werklik ryk wees? Jy kry dit nie in materiële dinge nie. Kom terug na Christus toe. Koop by Hom die wit klere, koop by Hom die salf vir jou oë om reg te fokus. Ja, kom “koop” by Hom sonder geld, sonder om te betaal. Want Hy gee aan jou om aangetrek te wees met Christus. Saam met Hom in sy dood, in die doodmaak van jou materialisme. Saam met Hom in sy opstanding, om ’n nuwe lewe te leef van gehoorsaamheid en toewyding aan God.

Met Hom, ons Verlosser en Here, mag gelowiges dan aansit aan God se feestafel.

*Sing: Skrifberyming 15-8:1, 3, 4*
*Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)*